VOEGWOORDE

GROEP 1		**GROEP 2**		**GROEP 3**	
Geen verandering in die woordorde nie.		Werkwoord of hulpwerkwoord na die voegwoord		Werkwoord aan die einde van die bysin.	
En	*and*	dus/daarom	*therefore*	dat	*that*
Maar	*but*	derhalwe	*therefore*	totdat	*until*
Dog	*yet*	al	*although*	voordat	*before*
Want	*because*	(en)daarna	*(and) thereafter*	nadat	*after*
Of	*Or*	(en)dan	*(and) then*	sodat	*So that*
òf…òf	*either…or*	intussen	*meanwhile*	opdat	*in order that*
nòg…nòg	*neither nor*	nogtans	*nevertheless*	deurdat	*because*
sowel …as	*as well as*	gevolglik	*consequently*	omdat	*because*
		anders	*otherwise*	of	*If whether*
		nietemin	*nevertheless*	wanneer	*when*
		tog	*yet*	as	*if*
		(en)toe	*(and) then*	indien	*if*
				sodra	*as soon as*
				terwyl	*while*
				onderwyl	*while*
				asof	*as if*
				daar	*as because*
				hoewel	*although*
				alhoewel	*although*
				ofskoon	*although*
				mits	*provided that*
				tensy	*unless*
				sedert	*since*
				toe	*when*

Verbind die volgende sinne met die **voegwoord tussen hakies.**

Vraag 1

1 Dit reën ou meide met knopkieries. Dit is so koud soos ys. (en)
2 Die man is so siek soos ‘n hond. Hy is by die werk (maar)
3 Ek het hom twee keer geroep. Hy het my nie gehoor nie. (dog)
4 Die ma is doodmoeg. Sy werk baie hard. (want)
5 Julle moet gou maak. Julle sal laat vir skool wees. (of)
6 Die leerling wil na skool bly. Hy is lief vir atletiek. (want)
7 Hulle het hard gewerk. Hulle het nie baie goed gedoen nie. (dog)
8 Dit is ‘n mooi pen. Hy skryf nie baie netjies nie. (dog)

Vraag 2

1 Die man werk hard. Sy vrou sit by die huis. (tog)
2 Die kinders wil nie leer nie. Hulle gaan almal druip. (daarom)
3 Die ma werk baie hard. Sy is doodmoeg. (dus)
4 Hy speel baie toneel. Ons noem hom ‘n akteur. (daarom)
5 Willie is nie by die skool nie. Hy kon nie die toets skryf nie. (dus)
6 Die dag was baie lekker. Dit was nie ‘n sonskyn dag nie. (tog)
7 Die onderwysers het hard gewerk. Hulle was baie moeg (al)
8 Hy was baie kwaad vir my. Hy wou my nie help nie. (daarom)
9 Hy het vergeet om sy werk te doen. Hy is nou in die moeilikheid (dus)
10 Die seun is te skaam. Santie het hom maar gevra. (dus)
11 Die seuns het maar die wedstryd voltooi. Hulle het gou moeg geword. (al)
12 Die kwartaal het maar pas begin. Sy voel moeg. (tog)
13 Hy kan nie gaan nie. Jy sal die klere vir hom moet bring. (daarom)
14 Sy kennis is te swak. Hy het die toets gedruip. (dus)
15 Jy moet nou dadelik loop. Jy sal nie betyds wees nie. (anders)
16 Hy het baie geld by sy ouers gekry. Hy het alles uitgegee. (tog)
17 Tommy hou baie van rugby. Hy het nie na die wedstryd gegaan nie. (nogtans)

Vraag 3

1 Hy huil baie. Hy het ‘n pakslae gekry. (omdat)
2 Die storie is baie interessant. Dit is ‘n ware verhaal. (aangesien)
3 Ons noem hom ‘n akteur. Hy speel baie toneel. (omdat)
4 Die leerling wil na skool bly. Hy is lief vir atletiek. (omdat)
5 Die onderwysers het hard gewerk. Hulle was baie moeg (alhoewel)
6 Die seuns het maar die wedstryd voltooi. Hulle het gou moeg geword. (alhoewel)
7 Die dokter moes die man opereer. Hy wou dit nie gehad het nie (alhoewel)
8 Dit het baie warm geword. Hulle het deur die woestyn gery. (toe)
9 Ons maak die vensters toe. Die wind begin sterk waai. (wanneer)
10 Hy werk baie hard. Hy wil die jaar beter doen. (omdat)
11 Die inbreker het weggehardloop. Die polisie wou hom vang. (toe)
12 Hy kan nie ry nie. Die voorwiel van sy fiets is stukkend. (aangesien)
13 Hy het ‘n blikkie politer gekoop. Hy wil sy skoene skoonmaak.
14 Piet vra. Jan sal saam met hom gaan.. (of)

15 Hy werk baie hard. Hy is nog op skool. (terwyl)
16 Hulle het hom hospitaal toe geneem. Hy was baie siek. (toe)
17 Ons sal vanaand kom kuier. Dit is nie baie koud nie. (as)
18 Josh wil graag met Sandy dans. Hy hou van haar. (omdat)
19 Ons het nie die ongeluk gesien nie. Ons het dorp toe gery. (toe)
20 Sy sal die blomme natgooi. Dit sal nie reën nie. (aangesien)
21 Hy het al die werk gedoen. Hy het ‘n vreeslike hoofpyn. (alhoewel)
22 Hy het gestruikel en geval. Hy wou dadelik die hasepad kies. (omdat)
23 Hy kon nie gaan nie. Hy het nie n kaartjie gehad nie. (omdat)
24 Die seuns het maar die wedstryd voltooi. Hulle het gou moeg geword. (al)

Vraag 4

Verbind die volgende sinne deur om met die voegwoord tussen hakies te begin:

1 (Wanneer) Ek kry koud. Ek dra warm klere.
2 (Alhoewel) Hy het hard vir die eksamens geleer. Hy het nie geslaag nie.
3 (Al) Hy het hard vir die eksamens geleer. Hy het nie geslaag nie.
4 (Omdat) Die vrou het ‘n slang gesien. Sy het histeries geword.
5 (Alhoewel) Die kind het baie siek gevoel. Sy het nie huis toe gegaan nie.
6 (Al) Die kind het baie siek gevoel. Sy het nie huis toe gegaan nie.
7 (Alhoewel) Ek het al my sakgeld gebruik. Dit was nie genoeg om die skoene te koop nie.
8 (Al) Ek het al my sakgeld gebruik. Dit was nie genoeg om die skoene te koop nie.
9 (Omdat) In die Winter is dit baie koud. Dit is beter om vuur te maak.
10 (Aangesien) Hy het die hele nag tandpyn gehad. Hy het die tandarts besoek.
11 (Terwyl) Ma het die ontbyt gemaak. Die kinders het aangetrek om skool toe te gaan.
12 (Toe) Daar was ‘n harde slag in die donker. Almal het groot geskrik.
13 (Nadat) My maat het van my vergeet. Ek het met my eie motor gery.